**Hersien die volgende verskille in karakters en karaktereienskappe voordat jy verder lees.**

| **Komoeties (Fiela)** | **Van Rooyens (Elias)** |
|---|---|
| + Netjiese, hardwerkende bruin gesin. | + Verwaarloos, slordig en onontwikkel. |
| + Kinders word kultureel en intellektueel ontwikkel deur die trotse Fiela. | + Kinders word slegs gebruik om Elias se werkslas te verlig en geld in te bring. |
| + Die familie boer vooruit a.g.v. Fiela se harde werk en fluksheid. | + Elias se planne misluk en hy word „n gevangene van die Bos. |
| + Fiela besit trots en verantwoordelik-Heid | + Elias verontskuldig altyd himself en plaas die blaam op ander. |
| + Al druk die lewe haar van alle kante, gaan sy nooit lê nie, staan op en gaan voort. | + Hy verval in selfbejammering; kan nie opstaan nadat hy gaan lê het nie. |
| + Fiela is die krag wat haar familie saamsnoer. | + Elias dryf met sy onredelikheid, drif en selfsugtige eise vir Nina en Lukas van die huis af weg. |
| + Sy besit innerlike krag en onbaat-sugtige liefde. | + Hy toon geldgierigheid en baatsug want hy wil vergoed word vir die grootmaak van Lukas |

**KARAKTERISERING:**

**Benjamin Komoetie/Lukas van Rooyen**

- Hy is die hoofkarakter en kan nie sy herkoms vasstel nie.
- Hy het geweet hy is nie Fiela se kind nie en het dit so aanvaar.
- Sy nuwe omgewing, die Bos, bring geestelike en emosionele ontwrigting mee.
- As balkemaker raak hy stadigaan gewoond aan die Bos en hy leer om ding te begryp en te aanvaar.
- Nadat hy besef het hy is Lukas van Rooyen het dit beter gegaan.
- Alhoewel hy op sy eie manier lief geword het vir die Bos, het hy ‘n buitestaander gebly en het hy nog ‘n begeerte om terug te gaan Lange Kloof toe.
- Hy maak vir die eerste keer kennis met die see en dit bring die ou opstand weer na vore.
- Hier besef hy dat hy moet omdraai huis toe, tog voel hy skuldig oor sy besluit om die Bos te verlaat.
- Daar was nog steeds dinge oor homself wat hy nie verstaan nie en wat hom rusteloos maak.
- Sy liefde vir Nina laat hom twyfel aan sy identiteit.
- Nina wys hom daarop dat “bloed bloed sou gekeer het”.
- Niemand, ook nie Nina nie, kan hom van Lukas van Rooyen verlos nie, net Barta van Rooyen kan Barta se eed dat hy Lukasis, maak hom wanhopig.
- Hy gaan terug na Nina toe, want hy voel dat ‘n lewe saam met haar as sy suster, beter is as ‘n lewe sonder haar.

- Nina beskuldig hom dat hy onnosel en „n lafaard is, omdat hy nie haar liefde vir hom kan raaksien nie.
- Teen die voetpad, agter die bietoubos word hy finaal deur haar optrede oortuig dat hulle nie broer en suster is nie want bloed sou bloed gekeer het.
- In 'n nuwe dimensie in hulle verhouding, sien hy vir die eerste keer haar as „n vrou raak.
- Hy keer terug bos toe om finaal die waarheid omtrent sy herkoms vas te ste.
- Hy kies uiteindelik om Benjamin Komoetie te wees.

**Nina**

- Nina van Rooyen is „n newekarakter wat 'n bepaalde invloed uitoefen op die hoofkarakter.
- Dit is sy wat Lukas van Rooyen help om in die Bos aan te pas en sy leer hom om die Bos te ken.
- Deur Lukas se liefde vir haar, dwing dit hom om uit te vind wie hy werklik is.
- Nina is ook 'n buitestaander tussen die Bosmense en dwaal liewer alleen in die Bos rond, as om werk by die huis te doen.
- Daar was 'n seer in haar wat niemand van geweet het nie.
- Sy soek troos in haar vreemde liefde vir die Bos.
- Sy voel aangetrokke tot Lukas.
- Dit kom partykeer voor of sy lui is.
- Haar ongetemde skoonheid word deur Lukas met die Bos vergelyk
- Deur haar eiewilligheid en besonderse liefde vir die Bos is daar voortdurend konflik tussen haar en Elias van Rooyen.
- Sy word nie maklik getem nie en vrees nie haar pa nie.
- Sy toon vir die eerste keer vrees toe haar pa haar dwing om op die dorp te gaan werk.
- Die dorp het uiteindelike 'n positiewe invloed op haar.
- Sy word selfstandig en verbreek finaal alle bande met haar pa en ma *("Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie? (*Bl. 223)
- Haar sterk wil en persoonlikheid word getem deur die invloed van mej. Weatherbury en sy ontwikkel tot 'n aanvallige jong vrou.

**Barta van Rooyen**

- Barta is 'n "randkarakter" aan wie nie baie verteltyd afgestaan is nie.
- Sy word beskryf as 'n onsekere, selfs agterlike vrou wat total deur haar man gedomineer word.
- Haar handeling het egter 'n bepalende invloed in die ontwikkeling van die roman.
- Die magistraat het 'n groot invloed op Barta se denkwyse. Sy het 'n vrees in haar wat haar later weer laat sweer dat die kind Lukas van Rooyen is.
- Haar gewete raak te deel van haar en erken uiteindelik dat sy die verkeerde kind gevat het.

**Bl. 61**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae :

| | |
|---|---|
| DIKKE: | Oormôre, Vrydag. *Mister* Holdsbury wil net die saak van die kind wat die slag in die Bos weggeraak het opklaar. Dis al. Die ding sluit. Die ma van die knd sal ook Vrydag in die hof op Knysna wees. |
| FIELA: | Dis nie haar kind nie. |

1. Volgens die dialoog hierbo het Dikke alreeds kant gekies. Gee TWEE redes / of aanhalings uit die uittreksel hierbo om die stelling te bewys. (2)

2. Daar is onregverdige optrede teenwoordig teenoor Fiela en die regstelsel wat in daardie jare gegeld het . Bespreek kortliks. (2)

3. Hoe word die magistraat aangespreek deur Lange. Hoekom word hy so aangespreek? (2)

4. Hoe verwys Dikke na Fiela se kind? (1)

5. Kies die korrekte sinsnede om die sin hieronder te voltooi:

   **Fiela wil hê die *bosvrou* moet…**

   A: self die kind kom haal.
   B: die kind uitlos.
   C: hier na die kind kom kyk.
   D: self die kind magistraat toe vat. (1)

6. Daar is konflik en **teenstrydighede** tussen Fiela en Lange. Ressorteer die sinne hieronder onder die korrekte karakter. Doen dit in die kolomme soos aangedui.

| Fiela | Lange |
|---|---|
| | |
| | |

   6.1 Wil die kind Maandag voor die magistraat laat verskyn.
   6.2 Wil die kind Vrydag voor die magistraat laat verskyn.
   6.3 Dit sal Fiela twee dae te voet 3ee mom in Knysna te kom.
   6.4 Die kind het alleen oor die berge gekom tot hier.
   6.5 Julle mors julle tyd.
   6.6 "Ek het nie gesê dit is die kind nie." (3)

**Bl. 62**

7. Noem TWEE dinge wat die amptenare as aantygings teen Fiela kan gebruik ten opsigte van gebrekkige opvoeding. (Lees bl 62 speekbeurte 4 en 5 ) (2)

8. Hoe maak Fiela seker dat die kind geskoold is? (2)

9. Wanneer sal die kind teruggebring word na Fiela, volgens Lange? (1)

10. Hoe weet jy dat Selling twyfel oor die belofte dat die kind sal terugkom?

    Gebruik 'n aanhaling om dit te bewys. (1)

**Bl. 63**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| FIELA (op band): | Nee, die kind kan nie alleen na die fonteinkloof toe nie. Dit was 'n bang dwaas se uitkoms. Daarby het 'n tier skaars 'n maand gelede weer daar deurgekom en een van die Langhaans se ou slingermaer skape kom vang. |

11. Fiela deel opdragte uit aan haar kinders. Ressorteer die woorde in KOLOM B (opdragte) sodat dit by die karakter KOLOM A (Fiela se kinders) pas.
    Skryf slegs die **vraagnommer (11.1.5)** en die **letter (a-e)** as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 11.1 Emma | (a) gaan haal die blik naadgoed. |
| 11.2 Tollie | (b) maak kleinvuur en hang kos op. |
| 11.3 Kittie | (c) moet dorp toe loop. |
| 11.4 Dawid | (d) breek dunhout en pak die buitevuur. |

(4)

12. Fiela word uitgebeeld as 'n moeder wat omgee en goeie versorging vir haar kinders is baie belangrik. Noem twee voorbeelde om dit te bewys. (2)

**Bl. 64**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:


| | |
|---|---|
| Benjamin: | Ma, ek is bang. |
| Fiela: | Jaag weg die bang. En onthou om nie vir die magistraat baas te sê nie. Jy sê vir hom :my heer. |
| Benjamin: | Is hy die Here? |
| Fiela: | Moenie jou aspris onnooslik hoe nie, Benjamin! Hy's die magistraat, die grootman van die wet. Die een wat voor hom loop staan en lieg, sit sommer met sy gat binne-in die tronk. |
| Benjamin: | Ma moet saamgaan. |
| Fiela: | Daar's nie plek op die kar nie. |

13. Op watter vrae berei Fiela vir Benjamin voor? Noem VIER. (4)

14. Watter **humor** kom voor in bostaande uittreksel? (2)

15. Noem die **verskillende emosies** wat word gevind in die gesprek (soos in uittreksel) hierbo. (2)

16. Dink jy dat daar regtig nie vir Fiela plek was op die kar nie? Motiveer. (2)




17. Kyk na die prent hierbo en beantwoord die vrae wat volg:

   17.1 Waarom kan dié badtoneel as humoristies beskou word? (1)

   17.2 Word die woorde wat Benjamin sê " Ma was my ore van my kop af" letterlik of figuurlik bedoel? (1)

   17.3 Waarom, dink jy, het Benjamin hom nie self gebad nie? (1)

   17.4 Watter eienskappe van Fiela as *moederfiguur* is duidelik in hierdie serimonie? (1)

   17.5 Hoe weet jy dat Benjamin nie alleen na Knysna wou gaan nie? Gee TWEE bewyse. (2)

**Bl. 65**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae

| | |
|---|---|
| Fiela: | As hy jou laat skryf, dan skryf jy op jou mooiste. As hy jou laat lees, dan lees jy op jou mooiste, soos jy altyd vir Ma die Bybel lees. Oor die somme is ma nie bekommerd nie. |
| Benjamin: | Ek ken nie meer die nege-maal-tafel nie, Ma. |
| Fiela: | Hy sal dit nie vra nie. |
| Benjamin: | Wie sê vir Ma? |
| Fiela: | Hy sal nie tafels vra nie. |
| Benjamin: | Ek is bang, Ma. |
| Fiela: | Jaag weg die bang. |

18. Watter bewyse is daar dat Benjamin wel onderwys ontvang het? (1)

    18.1 Watter tipe onderwys het hy ontvang? (sien ook bl.62) (1)

    18.2 Waarom, dink jy, is Benjamin nie skool toe gestuur saam met die ander kinders in die gesin nie? (1)

19. Herhaaldelik sê Benjamin dat hy bang is. Hoe stel Fiela hom gerus? (1)

20. Wat was Benjamin se grootse vrees? (1)

21. Fiela verseker Benjamin dathy wel Saterdag sal terugkeer.

    Voltooi die aanhaling deur die korrekte woord tussen hakies te kies:

    "Saterdag soos hulle gesê het. Die magistraat se (sêgoed/woord) is (waar/ wet)." (1)

**Bl. 66**

Lees bladsy 66 en beantwoord die vrae wat volg:

22. Hoeveel geld kry Benjamin om saam te neem? Wat was die doel van die geld? (2)

23. Watter vraag vra Benjamin aan Selling wat amper Fiela se hart laat gaan staan? (1)

24. Watter voorstel maak Selling ten opsigte van die aanspreekvorm van die magistraat? (1)

**MEMORANDUM**

1. Hy verwys na Fiela se kind (Benjamin) *as* *"*die kind wat in die Bos weggeraak het".
   Hy verwys na die ander vrou as "die ma van die kind" wat ook Vrydag in die hof op Knysna sal wees. (2)

2. Fiela word uitgesluit as <u>bruin vrou</u>. Sy mag nie haar saak as aanneemmoeder gaan stel in die hof nie, maar net die <u>wit bosvrou</u> (Barta) mag teenwoordig wees in die hof. (2)

3. *Mister* Goldsbury. Hy word so aangespreek uit respek. 'n titel "Mister" word aan hom toegeëien. (2)

4. "die kind" alhoewel Dikke sy naam ken (Benjamin) (1)

5. A (self die kind kom haal) (1)

6.

| Fiela | Lange |
|---|---|
| 6.1 Wil die kind Maandag voor die magistraat laat verskyn. | 6.2 Wil die kind Vrydag voor die magistraat laat verskyn. |
| 6.3 Dit sal Fiela twee dae te voet neemom in Knysna te kom. | 6.4 Die kind het alleen oor die berge gekom tot hier. |
| 6.5 Julle mors julle tyd. | 6.6 "Ek het nie gesê dit is die kind nie." |

(3)

7. Die kind kom nie in die kerk nie
   Die kind gaan nie saam met ander kinders skool toe nie. (2)

8.Fiela leer hom van die Here.
Tollie en Dawid leer hom wat hulle op skool geleer het.
Mis Baby Steward leer hom twee middae in die week somme. (2)

9. Saterdag. (1)

10. Hy vra vir Lange of hy nie lieg nie. (1)

11. 1 (b)
11. 2 (d)
11. 3 (a)
11. 4 (c)

12. Sy sorg dat Benjamin versorg word voordat hy na Knysna toe vertrek.
Sy leer haar kinders verantwoordelikheid – deel take uit.
Sy sien om na haar gesin de behoeftes en sorg dat hulle fisiek, geestelik en ook intellektueel ondersteun word.
Sy sorg finansieel vir die gesin. (volstruisboerdery)
(Enige TWEE van bogenoemde) (2)

13. Om te kan antwoord wat sy naam en van is.
Om te kan antwoord wie sy ma en pa is.
Om te kan antwoord waar hy woon.
Om te kan antwoord hoe hy Fiela se kind geword het. (4)

14. Benjamin vra of die magistraat die Here is. (1)

15. Vrees en humor (2)

16. Nee. Daar is moontlik plek vir Fiela op die kar. Die wit manne wil nie 'n bruin vrou op die kar toelaat nie (apartheid). (2)

17.1 Benjamin kan hom eintlik self bad. Hy het nie geprotesteer nie.
Benjamin kla dat Fiela sy ore van sy kop af was. (1)
17.2 Figuurlik (1)
17.3 Fiela wil seker maak hy bad nie half nie, soos seuns van sy ouderdom maar doen. (1)
17.4 Versorging en deeglikheid (1)
17.5 Benjamin sê herhaaldelik dat hy bang is.
Benjamin sê dat Fiela moet saamgaan. (2)

18. Benjamin noem dat hy sukkel met die nege-maal tafel. (1)

18.1 tuisonderrig (1)
18.2 Hy is 'n wit kind. Wit kinders en ander kleur kinders het nie na dieselfde skole gegaan nie. (apartheidswette). Fiela wou hom die vernedering spaar. Hy sou gespot word as hy saam met die bruin kinders skoolgegaan het. (1)

19. Sy sê (kinderlik) jaag die bang weg. Sy daal tot Benjamin se vlak. (1)

20. Dat hy nie sou terugkom teen Saterdag nie. (1)

21. woord/ wet (1)

22. vyf sjielings. (1)

23. Hy vra of Selling al in die tronk was. (1)

24.Hy stel voor dat Benjamin die magistraat as "Weledele Heer" aanspreek. (1)

**EKSTRA VRAAG:**

25. Kies die korrekte antwoord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas.
Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (25.1 – 25.5) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 25.1 konflik<br><br>25.2 tema<br><br>25.3 ruimte<br><br>25.4 klimaks<br><br>25.5 hoofkarakter | A Die konflik is op sy hewigste en die spanning op sy ergste.<br>B Benjamin Komoeti<br>C Die magteloosheid van die mens teenoor die owerhede<br>D Argument tussen Nina en Lukas<br>E die plek waar die drama afspeel<br>F Fiela Komoeti |